


Werkkaart
Beligtings- en bergingsplanne
Memorandum
Bl. 164-167



Kyk na die beligtingsplan hierbo en beantwoord die vra wat volg.


Lig is baie belangrik in behuising.

1. Wat verskaf vensters aan 'n huis? Benoem drie voorbeelde. (3)
 - **Natuurlike lig**
 - **Lugserkulasie**
 - **'n Uitsig**
2. Benoem die drie funksies van kunsmatige beligting in wonings en gee ook 'n verduideliking by elkeen. (6)
 - **Algemene beligting**- verlig die hele vertrek en verskaf genoeg lig sodat jy deur die vertrek kan beweeg sonder om oor meubels te struikel. Plafon- en muurligte vervul gewoonlik die funksie en die skakelaars behoort by die deuropeninge geplaas te word.
 - **Taakbeligting**- verlig die areas waar jy 'n spesifieke taak verrig. Beligting is 'n belangrike ergonomiese oorweging vir feitlik enige taak. Taakbeligting word vereis vir take soos lees, skryf, kosvoorbereiding, wasgoed was, handwerk en selfversorging. Goeie taakbeligting word elimineer ooreising van die oë en voorkom ongelukke. Hierdie tipe beligting word gewoonlik deur daagbare lampe in leefareas en geïnstalleerde ligte soos plafonligte in nutsareas verskaf. Dit behoort altyd met goeie algemene beligting gekombineerd te word.
 - **Aksent**- of Dekoratiwe beligting- word gebruik om kunsvoorwerpe of spesiale struktureienskappe van die vertrek te beklemtoon. Dit kan buitenshuis gebruik word en word deur kolligte of spreiligte verskaf.

3. Verskaf 6 basiese reëls vir goeie beligting. (6)

- Daar moet altyd genoeg lig wees en gloeilampe en installasies stofvry moet wees.
- Verhoog die wattverbruik van gloeilampe.
- Maak gebruik van ligte kleure op die plafon, mure, vloere en meubels aangesien donker kleure lig absorber.
- Voeg vaste toebehore, draagbare lampe en strukturele beligting by.
- Vermy skittering wat ongemak en ooreising van die oë veroorsaak.
- Direkte skittering word veroorsaak deur onbeskermdde gloeilampe en verkeerde plasing van beligting. Draagbare lampe moet so geplaas word laat die ligbron nie sigbaar is nie.
- Weerkaatste skittering is 'n meer algemene probleem. Lig wat weerkaats word van glansoppervlakke soos 'n spieël, TV- of rekenaarskerm veroorsaak ongemak. Stel dit reg deur die ligbron of die blink voorwerp te verskuif.
- Vermy kontraste. Indien een plek of area van 'n vertrek verlig en 'n ander deel in donker gehul is, het dit ongemak tot gevolg. Stel dit reg deur algemene beligting by te voeg en leeslampe te kies wat lig boontoe skyn na die plafon en afskyn op die leesstof.
- Vermy skaudwees. Dit word veroorsaak wanneer 'n persoon of voorwerp tussen die ligbrin en die taak is. Vir take soos skryf of naaldwerk, behoort 'n linkshandige persoon se ligbron aan sy regterkant te wees en vir 'n regshandige aan sy linkerkant.
- Sorg vir genoeg goedgeplaasde ligskakelaars sodat mense 'n vertrek kan binnekom en verlaat sonder om in die donker te loop. Ligskakelaars behoort by alle deuropeninge asook by die bo- en onderpunte van trappe aangebring te word. Ingange behoort goed verlig te wees en buiteligte behoort van binne-af beheer te word.
- (Enige 6)

Kyk na die bergingsplan hieronder en beantwoord die vra wat volg.



Bergingsplanne is baie belangrik vir gesinne met die nodige behoeftes.

4. Benoem drie areas van 'n huis wat gebruik kan word vir bergingsplanne? (3)
- **Stilarea**
 - **Werkarea**
 - **Sosialearea**
5. Beskryf kortliks ses beplannings wat vir bergruimtes gebruik kan word. (6)
- **Die kombuis behoort Bergruimtes te verskaf vir items wat in die voorbereiding, gaarmaak en opdiening van voedsel.**
 - **Bepaal die bergingsbehoefte van elke lid van jou huishouding. Bergruimtes word benodig vir klere.**
 - **Tensy daar afsonderlike ruimte is vir die was van klere, moet die kombuis ook bergruimtes verskaf vir waspoeiers.**
 - **Die badkamer moet bergruimtes voorsien vir persoonlike higiëniese aktiwiteite.**
 - **Die woon- of gesinskamer moet bergruimtes bied vir al die aktiwiteite wat daar plaasvind soos onthaal, eet, ontspanning, lees, TV-kyk, studier.**
 - **Moderne slaapvertrekke moet bergruimtes voorsien vir klere, skoene, tioletware.**
6. Noem vier beginsel vir opbering. (4)
- **Bêre items in die area waar dit eerste gebruik word.**
 - **Bêre items wat saam gebruik word bymekaar.**
 - **Bêre items wat meer gereeld gebruik word op die gemaklikst hoogte, wat gewoonlik deur die persoon wat dit gebruik, bepaal word en neem die massa en grootte van die item in ag.**
 - **Bêre items vir maklike toegang. Dit moet maklik raakgesien, bereik en vervang kan word.**
 - **Bêre items waar dit beskut is teen beskadiging en nie 'n veiligheidsrisiko vir die gebruikers inhou nie.**
 - **Hou bergruimtes aanpasbaar om 'n verandering in behoeftes te akkommodeer.**
 - **Benut al die beskikbare ruimtes.**
 - **(Enige 4)**
7. Noem die TIEN evaluasies van bestaande huisplanne, en gee een vraag wat gevra kan word by elkeen. (20)

Is daar genoeg ruimte?

- Hoeveel mense gaan die huis bewoon? Wat is die ouderdom- en geslagsamestelling van die huishouding?
- In watter stadium van die gesinsiklus is die bewoners?
- Wat is die spesifieke behoeftes van die inwoners?
- Wat is die lewenstyl van die inwoners?
- Benodig hulle spesifieke ruimtes om. Bv. stokperdjies te beoefen, te onthaal, te studeer ens.

- Watter meubels nodig en besit hulle?
- Sal dit in die beskikbare ruimte pas?
- (Enige 1)

Is die beskikbare ruimtes doeltreffend toegeken?

- Is daar voldoende en geen vermorste ruimte nie?
- Bied die vertrekke voldoende ruimte vir die meubels wat vir die aktiwiteite nodig is?
- Sommige gesinne nodig groter privaatruimtes (slaapvertrekke en badkamers) terwyl ander meer sosiale ruimtes nodig vir gesinsbyeenkomste en onthale.
- Is die grootte van die vertrekke voldoende?
- Sal die vertrekke die meubels wat vir die beplande aktiwiteite nodig is, kan akkommodeer?
- (Enige 1)

Is die ruimtes goed gesoneer?

- Is die sosiale areas doeltreffend van die privaatareas geskei?
- Is potensieel raserige areas verwyderd van die stil areas?
- Is daar gemaklike toegang van binne na buite?
- Is daar maklike toegang na die woning vanaf die motorhuis of die parkeerruimte?
- (Enige 1)

Is die sirkulasie- en vloiepatrone goed beplan?

- Is die vloiepatrone funksioneel sonder om die aktiwiteite in die verskillende areas te onderbreek, bv. gesprekke in die leefarea, kosvoorbereiding in die kombuis?
- Kan jy privaatareas bereik sonder om deur openbare areas te beweeg?
- Het die woning 'n hart waar mense outomaties bymekaar kom?
- Is die roetes na hierdie area sonder obstruksies?
- Is die verkeersroete veilig vir kinders en mense met gestremdhede?
- (Enige 1)

Kan die woning die aktiwiteite van die bewoners akkommodeer?

- Is daar genoeg ruimtes vir die aktiwiteite van die onderskeie lede?
- Is daar genoeg kragpunte vir die verskillende aktiwiteite en behoeftes?
- Is daar genoeg werkareas of werkoppervlakke?
- (Enige 1)

6. Is daar genoeg bêruimtes?

- Is daar voldoende ingeboude bergruimtes?
- Is daar genoeg bergruimtes vir die bewoners en hul aktiwiteite?
- Is daar geboeg bergruimtes in die sosiale-, werk-, en vrivaat areas?
- (Enige 1)

Is die plan goed georiënteer t.o.v. die straat, son en wind?

- Het die slaapvertrekke en leefareas 'n noordaansig en kry hulle genoeg sonlig?
- Is die deure en vensters geskik geplaas t.o.v. die son en die wind?
- Is daar genoeg privaatheid?
- (Enige 1)

Is die woning toeganklik vir mense met gestremdhede?

- Kan jy die woning binnekom sonder om trappe te gebruik?
- Is die woning op een vlak?
- Indien nie, is daar genoeg fasiliteite op die grondvloer?
- (Enige 1)

Is die woning veilig?

- Is daar 'n veilige heining of muur om die erf?
- Is daar diefwering voor die vensters?
- Is daar veiligheidshukke voor die toegangsdeure?
- Is daar handreilings by al die trappe?
- (Enige 1)

Kan die plan uitgebrei of verander word?

- Is die plan aanpasbaar en kan dit verander soos die bewoners se smake en lewenstyle verander?
- Kan die funksie van vertrekke verander word in ooreenstemming met die bewoners se behoeftes?
- Kan die woning uitgebrei word?
- (Enige 1)

Totaal: [48]